# DIE WÊRELD EN ONS

Vyftien eeue gelede het die toenmalige beskaafde westerse wëreld 'n onsaglike politieke, kulturele en morele krisis deurgemaak, gedeeltelik as gevolg van inwendige verrotting en gedeeltelik deur die druk van barbaarse hordes van buite. Die Romeine van daardie tyd was verbysterd en verslae, want met die instorting van hulle administratiewe en sosiale strukture het dit geskyn of ook die fondamente van die Christendom tot ondergang gedoemd was. In plaas van die Pax Romana het die Pax Tartarica gedreig en in daardie troebele wëreldsee het 'n man van Noord-Afrika na die pen gegryp en die Christendom probeer troos met verwysing na die ewige stad van God, die civitas Dei, wat sal voortbestaan selfs as alle wëreldryke ondergaan. Augustinus se woorde is vir ons vandag nog van net soveel betekenis hoewel ons weet dat God die syne ook in hierdie wêreld nie sal verlaat nie, want in die ontplooiing van sy raadsplan gebruik Hy ook aardse ryke om die magte van die duisternis te weerstaan. In die 16de eeu het Ignatius Loyola die konflik gesien as 'n stryd van die leër van Jesus, optrekkende uit Jerusalem, teen die leër van Satan met Babilon as basis.

Ook in ons eie tyd het daardie ewige worsteling gestalte aangeneem vir die rivaliteit tussen ooste en weste. Wel wil niemand beweer dat die westerse wêreld deurgaans „Christelik "is nie, maar tog is dit relatief waar vergeleke by die oosterse blok state onder leiding van die uiteraard heidense Sowjet-Rusland. 'n Finale botsing tussen die twee magte staan voor die deur, want vir die eerste keer in die geskiedenis gee Russiese imperialisme die toon aan, selfs ook in Sentraal-Europa. Die tragiese is dat die Christenvolkere van die weste self indirek verantwoordelik is vir hierdie toestand van sake, en veral Engeland onder leiding van Churchill het daartoe bygedra omdat hy militêre oorwegings voorkeur gegee het bo politieke.

In sy wanhopige pogings om Hitler se mag te breek, het Churchill en sy westerse bondgenote 'n onheilige alliansie met die Sowjets gesluit en daarbenewens ook gebruik gemaak van 'n strategiese bombardement as middel om die Duitse weerstandswil te vernietig. Die lugbombardemente het egter nie die gewenste uitwerking gehad op die verloop van militêre gebeurtenisse nie, want die stryd is daardeur nie verkort nie, hoewel die ekonomiese struktuur van Duitsland 'n dodelike slag gekry het. Hierdie onbeperkte bombardering van die burgerlike bevolking, wat onderskei moet word van taktiese bombardemente in verband met individuele veldslae, het, gepaard met die eis van onvoorwaardelike oorgawe, die stryd so verleng dat Duitsland uitgeskakel is as 'n potensiële teenstander van toekomstige Russiese agressie. Met ander woorde, Churchill het die tradisionele Engelse buitelandse beleid van handhawing van die magsewewig op die Europese vasteland uit die oog verloor en nog voor die einde van die oorlog reeds al die vrede verloor deur Rusland die plek van Duitsland te laat inneem.

Dit is die grondoorsaak van die huidige internasionale spanning wat in verskeie opsigte tot uiting kom. Die Russe blokkeer Berlyn omdat hulle die westerse moondhede wil dwing om die Russiese betaalmiddels vir die stad te aanvaar en daarmee ook Russiese finansiële baasskap. Die uitkoms van die geskil is duister, maar dit is seker dat die groot moondhede van die weste reeds al 'n ernstige prestige-nederlaag gely het deur aanvanklik die blokkade passief te aanvaar. Intussen het die Sowjets 'n ystergordyn in Sentraal-Europa opgebou en reeds is dit te laat om daarteenoor 'n nuwe cordon sanitaire tot stand te bring. Trouens ,kommunistiese voelhorings is orals in die wêreld sigbaar besig met inwendige ondermyning van die bestaande orde.

In Mansjoerye kry die kommunistiese rebelle die oorhand, in Malakka is burgeroorlog aan die orde van die dag, in Griekeland ondersteun die Sowjets die kommunistiese opstandelinge, in Palestina laat Russiese invloed hom geld en daarbenewens is die vyfde kolonne van Moskou in byna alle westerse lande aktief. Intussen is 'n groot deel van Europa verwoes deur die oorlog, want Churchill en Roosevelt het feitlik uitgegaan van die standpunt van Keiser Ferdinand II gedurende die Dertigjarige Oorlog (1618-1648): „liewer 'n woestyn as 'n land deur ketters geregeer". Die ketterregering (van Hitler) het werklik verdwyn, maar teen watter prys? Dit het alles geskied onder aanroepings van die Naam van die Here, soos President Truman dan ook werklik gedoen het met die neergooi van die atoombom op weerlose Japanse stede. En nou het die weste iets gekry wat hy nie verwag het n.l. 'n Pax Tartarica.

Terwyl dit die toestand in die wêreld daarbuite is, probeer Suid-Afrika in hierdie uithoek 'n bolwerk vorm van Christelike beskawing teen die

Tartare van ons tyd veral ook met die oog op ons ingewikkelde kleurprobleem. Voor die vierskaar van die Verenigde Volke word ons gereeld aangekla van onderdrukking van naturelle en Indiërs en enige pogings om die probleem op te los, hoe goed ook al bedoel, word wêreldwyd uitgekreet as 'n uiting van 'n „Herrenvolk"-mentaliteit. Gelukkig neem die Unie, by monde van sy nuwe verteenwoordigers, adv. Louw, 'n fermer standpunt in en ernstige pogings word aangewend om meer simpatie vir ons strewe by die westerse volkere te verkty. Engeland, wat eweëens lastig geval word oor sy kolonies, mag in hierdie opsig gedwing word om meer aktiewe diplomatiek steun te verleen, veral as die baie wanvoorstellings in die pers uit die weg geruim kan word.

Intussen is dit interessant dat tydens die jongste samesprekings van verteenwoordigers van die Statebond in Londen die woord „Brits" amptelik laat vaar is by alle aanduidinge van die onderlinge verhouding tussen lede van die Gemenebes. Hierdie weglating hou tred met die ontwikkeling van die jongste verlede, want Brittanje speel nie meer die oorheersende rol nie. Dit is slegs 'n logiese voortsetting van die werk van vroeëre Statebonds-konferensies.

Tot sover het ,wat die binneland betref, die nuwe nasionale regering taamlike goeie werk verrig. Die Indiërverteenwoordigers wat die vorige bewind in die lewe greoep het, is afgeskaf en die apartheidsbeleid op verskeie maniere gedemonstreer. Wel is daardeur nog geen oplossing van die kleurprobleem as sodanig bereik nie, maar aanvoorwerk is gedoen en dit is moontlik dat „apartheid" geleidelik as 'n langtermyn-beleid deurgevoer kan word in belang van blank sowel as gekleurd. Ook in ander opsigte het die nuwe regering sy posisie gekonsolideer deur vermindering van belastings, gedeeltelike opheffiing van boubeheer, verskaffiing van witbrood en suiwering van die landsadministrasie. Daarby is die eerste stappe gedoen om die betrekkinge tussen die Unie en Suidwes-Afrika nouer saam te snoer deur laasgenoemde gebied direkte verteenwoordiging in die Unie-Parlement te gee. Ongelukkig is die finansiële verhouding nog nie vasgestel nie en die samewerking kan bra bemoeilik word deur die onredelike eis van Suidwes ten opsigte van finansiële onafhanklikheid.

Die grootste gevaar is dat die nasionale regering in sy strewe na konsolidering van sy posisie te veel die rigting van populariteit kan inslaan. Dit sal meebring verwatering van eie beginsels en gebrek aan 'n deurtastende optrede. Reeds moes deur omstandighede die Republikeinse ideaal op die agtergrond gestel word, al is dit miskien tydelik. Maar daardie ideaal sal sekerlik nie uitsterwe nie, want dit leef in die hart van meeste Afrikaners. Die hoofsaak is eensgesindheid in die toekoms wat fundamentele sake betref. Reeds word gesoek na die medewerking van ons Engels-

sprekende medeburgers en die tyd sal aanbreek dat die verskille van die verlede vergeet is en ook die O.B. as volksorganisasie die geleentheid kry om 'n woord mee te spreek in landsake. In die hewige stryd wat voorlê, moet alle kragte saamgesnoer word sodat blank Suid-Afrika die wêreld eensgesind in die aangesig kan kyk.

Potchefstroom. D. W. KRUGER.